



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP VRYDAG, 6 DESEMBER 2013 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Dienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Die voorsitter lewer 'n kort oorsig oor die werksaamhede van die ontslape oud-Staatspresident, Nelson Rolihlahla Mandela, na aanleiding van sy afsterwe op 5 Desember 2013. Die reëlings m.b.t. die pligte van die munisipaliteit word aan die vergadering deurgegee.

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 13 NOVEMBER 2013**

BESLUIT

Dat, na die regstelling van 7.11 *VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING, AFSKRYWING VAN GESTEELDE ITEMS EN ITEMS WAT VERNIETIG MOET WORD* dat die woord "ware" na "waarde" verander moet word, dat

BESL/...

4.1/...

die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 November 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. OKTOBER 2013

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir Oktober 2013.

6.2 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir Oktober 2013.

6.3 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Korporatiewe Dienste vir Oktober 2013.

6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir Oktober 2013.

6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vir Oktober 2013.

6.6 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir Oktober 2013.

6.7 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.7.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens onder leiding van die Direkteur: Beskermingsdienste vir Oktober 2013.

6.7.2/...

6.7.2 BRANDWEERDIENSTE**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Brandweerdienste onder leiding van die Direkteur: Beskermingsdienste vir Oktober 2013.

7. NUWE SAKE**7.1 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE FINANSIËLE- EN PRESTASIE OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 AUGUSTUS 2013 ASOOK DIE JAARLIKSE VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 2013 (11/1/3/1/7)**

Die voorsitter noem dat hy nie by die MPAC-vergadering teenwoordig was nie, maar wel by die ouditkomiteevergadering aangesluit het en versoek dat die regstelling dienoreenkomstig deurgegee moet word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Finansiële- en Prestasie Ouditkomiteevergadering soos gehou op 23 Augustus 2013 asook die jaarlikse verslag van die komitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2013.

7.2 ALGEMENE JAARVERGADERING: KAAPSE AFTREEFONDS: AANWYSIGING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 17^{de} Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds vind plaas op Vrydag, 14 Februarie 2014.

Volgens voorskrifte van die fonds, is Swartland Munisipaliteit geregtig om drie afgevaardigdes uit die lede en drie afgevaardigdes uit die raadslede aan te wys.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat mnr J Scholtz (mnr K Cooper as sekunde), mnr J Steenkamp (me N Brand as sekunde), me H Papier (me S Cilliers as sekunde) genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds op 14 Februarie 2014;
- (b) Dat rdh M S I Goliath (as sekunde, rdl R F van der Westhuizen) en rdh T van Essen (as sekunde, rdl M van Zyl), genomineer is om die Raad te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds op 14 Februarie 2014.

7.3 SLUITING VAN KANTORE OP 24, 27 EN 31 DESEMBER 2013

Swartland Munisipaliteit het vir die derde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit verkry. Die werkgewer, in oorleg met die vakbonde, het besluit om Vrydag, 27 Desember 2013 as 'n afdag toe te staan as beloning aan die personeel vir hul bydraes tot die skoon oudit.

Oortydbetalings op hierdie datum sal geskied teen die Saterdagtarief.

Besluitneming om die kantore vroeër te sluit op die werksdae wat Kersdag en Nuwejaarsdag voorafgaan is aan die Munisipale Bestuurder gedelegeer en is besluit dat die kantore op Dinsdag, 24 Desember en Dinsdag, 31 Desember om 13:00 sal sluit.

BESLUIT

- (a) Dat, as beloning aan personeel vir die verkryging van die derde skoon oudit, goedgekeur verleen word dat die munisipale kantore op Vrydag, 27 Desember 2013 mag sluit vir die dag;

7.3/...

- (b) Dat hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit glad nie 'n verwagting met die oog op volgende jare moet skep nie;
- (c) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;
- (d) Dat, met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

7.4 HERNUWING VAN HUUROOREENKOMSTE MET ESKOM EN SA POSKANTOOR BEPERK (12/2/4-8/4; 12/2/4-12/1)

Die Raad verhuur die volgende twee eiendomme soos volg:

- (a) Eskom: $\pm 900\text{m}^2$ meentgrond, Malmesbury
Die huurtermyn was tien (10) jaar, terwyl huurgeld ten bedrae van R2400,00 plus BTW per jaar vooruitbetaalbaar is.
- (b) SA Poskantoor Beperk: gedeelte van erf 163, Riebeek Wes
Die huurtermyn was oorspronklik vir 'n termyn van twaalf (12) maande, terwyl huurgeld ten bedrae van R300,00 plus BTW per jaar vooruitbetaalbaar is.

Die betrokke huurders het aangedui dat hulle graag wil voortgaan met die huur van die onderskeie gedeeltes grond ten einde 'n deurlopende diens aan die publiek en hul werkers te lewer.

BESLUIT

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Eskom aangegaan word vir 'n termyn van drie (3) jaar vir die huur van $\pm 900\text{m}^2$ meentgrond te Malmesbury Klipkoppie vir die bedryf van hul radio-herhalerstasie;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op 'n bedrag van R2640,00 plus BTW per jaar wat 'n eskalاسie van 10% verteenwoordig;
- (c) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met SA Poskantoor Beperk aangegaan word vir 'n termyn van drie (3) jaar vir die huur van 'n gedeelte van erf 163, Riebeek-Wes vir die bedryf van privaat posbusse;
- (d) Dat huurgeld vasgestel word op 'n bedrag van R330,00 plus BTW per jaar wat 'n eskalاسie van 10% verteenwoordig;
- (e) Dat die voorneme in die pers bekend gemaak word vir kennisname/kommentaar;
- (f) Dat die huurders verantwoordelik sal wees vir die betaling van advertensiekostes wat hieruit sal voortspruit.

7.5 TOERUSTING OP KLIPKOPPIE, MALMESBURY: CORNERGATE TECHNOLOGIES (6/2/3/1/2)

Die Raad het goedkeuring verleen vir die bedryf van *Wireless* Netwerk-toerusting deur *Cornergate Technologies*, ook bekend as *West Coast Access*, te Klipkoppie, Malmesbury.

Cornergate Technologies is 'n verskaffer van internet toegang aan die publiek en is 'n plaaslike onderneming.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring aan *Cornergate Technologies* verleen word vir die bedryf van 'n *Wireless* Netwerk op Klipkoppie, Malmesbury vir 'n verdere termyn van drie (3) jaar;

7.5/...

- (b) Dat die voorgestelde verhuring in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende in die plaaslike pers bekend gemaak word;
- (c) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes in hierdie verband;
- (d) Dat die huurgeld verhoog word na R225,00 plus BTW per maand wat 'n eskalاسie van 6% verteenwoordig;
- (e) Dat die bestaande huurvoorwaardes sal bly geld.

7.6 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.7 ONTWIKKELING EN DAARSTEL VAN KERN PRESTASIE INDIKATOR RAKENDE WATERVERBRUIK UIT PAARDENBERGDAM (16/1/1/2)

Tydens 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 30 Mei 2013 rakende die begroting, het die Uitvoerende Burgemeester versoek dat Paardenbergdam tot sy maksimum as 'n waterbron gebruik word.

Om hierdie versoek te implementeer is die volgende "Kern Prestasie Indikator (KPI)" ontwikkel:

"...Ondersoek tot die watervlak van die dam geskiedkundig tydens Maart en die daarstelling van 'n aanvaarbare aanduiding in hierdie verband."

BESLUIT

- (a) Dat die Raad kennis neem van die ooreenkomste wat in 1921 en 1924 met onderskeidelik die eienaars van die plase Waterval en Orangerie aangegaan is;
- (b) Dat 'n sinvolle damvlakmeting van 35% (vol) vir Maartmaand van die spesifieke jaar gestel word as basis vir effektiewe bestuur van die bron en om die gemelde ooreenkomste te eerbiedig;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat hierdie KPI onderhewig is aan die spesifieke reënpatroon vir die jaar waarin meting plaasvind.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN HOOF RIOOLGELEIDINGS DIEPRIVIER, MALMESBURY (16/3/1/5)

Rioolafloop van Malmesbury word deur verspreidingsnetwerke gekollekteer waarna dit saamvloei in 'n aantal hoof rioolgeleidings en gevoer word na die Malmesbury Rioolwerke. Een van die hoofgeleidings wat die roete van die Dieprivier volg, het met die afgelope winter nadat die rivier sterk gevloei het vir 'n gedeelte van ongeveer 20 meter oopgespoel. Met nadere ondersoek is gevind dat die materiaal wat weggespoel het nie net bloot weer teruggevul kan word nie, aangesien dit net weer sal wegspoel. Daar bestaan ook nou die risiko dat die pyp kan wegspoel of skade kan opdoen indien die rivier weer sterk sou vloei.

Die normale verkrygingprosedure vereis dat daar in hierdie geval tenders aangevra word weens die koste van die herstelwerk.

7.8/...

Die herstelwerk is egter as 'n noodgeval hanteer as gevolg van die moontlike besoedeling wat kon voorkom en om die risiko vir skade aan die hoofriool te beperk.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die hoof rioolgeleiding en wel om die volgende rede:
 - (i) Dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word as gevolg van die besoedeling wat kon voorkom en die risiko vir skade aan die hoofriool;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word deur Westand Civils vir die bedrag van R49 010.50 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 59-76-30-00-0308;
- (c) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 447, KORINGBERG (15/3/4-7/Erf_447) (WYK1)

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 447 (groot ±27m²), geleë te Rietstraat, Koringberg ten einde 'n huiswinkel vanuit die bestaande woonhuis te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Mnr EA Ashuro.

BESLUIT

- (a) Dat hierdie item terugverwys word vir 'n ter plaatse ondersoek;
- (b) Dat kennis geneem word dat besprekings m.b.t. huiswinkels in Swartland munisipale area binnekort sal plaasvind.

7.10 WYSIGING VAN DIE VOOGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 1133, MOORREESBURG (15/3/6-9/07; 15/3/3-9/04) (WYK 2)

Die aansoek vir die skepping van 'n nywerheidspark op erf 1133, Moorreesburg was op 14 Augustus 2013 deur die Raad goedgekeur.

Aansoek word nou gedoen vir die wysiging van die goedgekeurde uitleg. Die wysiging van die uitleg word genoodsaak deur addisionele kommentaar van Erfenis Weskaap as gevolg van maatreëls en voorstelle wat deur die Visuele Impakstudie voorgestel word. Die wysiging behels slegs interne wysigings van die ontwikkelingsplan. Die aantal erwe bly onveranderd, dus is daar geen addisionele impakte ter sprake nie.

BESLUIT

Dat die gewysigde ontwikkelingsplan goedgekeur word en dat alle voorwaardes soos opgelê in die Raadsbesluit gedateer 14 Augustus 2013 rakende die hersonering en onderverdeling van erf 1133, Moorreesburg onveranderd bly.

7.11 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS, ONDERVERDELING EN AFWYKING: ERF 333 YZERFONTEIN (15/3/4-14/Erf_333; 15/3/5-14/Erf_333; 15/3/5-14/Erf_333) (WYK 5)

Aansoek word gedoen ten einde die eienaar van erf 333, Yzerfontein in staat te stel om die eiendom in twee gedeeltes te verdeel. Die geregistreerde eienaars is Mnr J S en Mev E M Marais.

7.11/...

Die beperkings kragtens die tersaaklike titellaktes van erf 333, Yzerfontein wat voorgestel word vir opheffing, sluit die volgende paragraaf in;

- C(l)
- (1) *That the erf hereby conveyed be used for residential purposes only*
 - (2) *That the erf hereby conveyed be not subdivided*
 - (3) *That not more than one dwelling, together with the necessary outbuildings, an appurtenances be erected on the erf hereby conveyed;*
 - (4) *That not more than one half of the area of the erf hereby conveyed be built upon*
 - (5) *That no building will be erected within 10 feet of any street line which forms a boundary of the erf hereby conveyed or within 10 feet of the open space where it forms a boundary of the said erf on the sea front.*

Volgens omsendkrywe 7/2013 van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning word Regulasie 5.3 van die skemaregulasies in terme van Artikel 8 van die Ordonnansie, gepubliseer in PK1048 van Desember 1988, soos gewysig deur PK177/2009, teruggetrek. Dit impliseer dat beperkende titelvoorwaardes wat 'n invloed op beplanningsaansoeke het, nie verwyder hoef te word alvorens oorweging aan die grondgebruiksaansoeke geskenk kan word nie.

Gevolgtik word die onderverdeling- en afwykingsaansoek, asook die opheffing van titelbeperkings, aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir besluitneming.

Aansoek word vir die onderverdeling van erf 333, Yzerfontein (groot 1118m²) gedoen ten einde twee gedeeltes te skep wat die restant (groot ±536m²) en gedeelte A (groot ±582m²) insluit.

Verder word daar ook aansoek om afwyking van die kantboulyn vanaf 2m na 0m as gevolg van die onderverdelingslyn gedoen ten einde die bestaande woonhuis op die nutgeskepte gedeeltes te akkommodeer.

BESLUIT

- A** Dat die aansoek vir die opheffing van titelvoorwaardes C(l)(1) tot C(l)(5) soos vervat in titellakte no T33140/1983 van erf 333, Yzerfontein aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel word;
- B** Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 333 (groot 1118m²) geleë te Yzerfontein ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (±536m²) en gedeelte A (±582m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat 'n brandmuur tussen die twee onderverdeelde wonings aangebring moet word;
- (c) dat 'n 4m reg-van-weg serwituut oor die restant van erf 333 geregistreer word om so toegang tot die voorgestelde gedeelte A te verseker;
- (d) dat die verdere oorweging van bouplanne en die uitklaring van erwe vir registrasie onderhewig sal wees aan die suksesvolle opheffing van die titelvoorwaardes;

B1 WATER

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting en meter op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

B2/...

7.11/...

B2 RIOOL

- (a) Dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte riooluitsuigtenk met 'n minimum volume van 8 000 liter voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

B3 ELEKTRISITEIT

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
- (b) dat enige verskuiwings van elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeeltes verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) dat enige elektriese tussenverbinding geïsoleer en ten volle verwyder sal word;
- (d) dat die elektriese aansluiting vanaf die bestaande langspanningsnetwerk gekoppel word;
- (e) dat addisioneel tot bogenoemde, die eienaar/ontwikkelaar vir die elektrisiteitaansluitings aan onderverdeelde gedeeltes moet betaal;

B4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

B6 KAPITAALBYDRAE

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R10 795,80 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R10 795,80/kl AADD) gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- (b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
- (d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R 5 363,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
- (e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-34-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

Bogenoemde kapitaalbydraes t.o.v. Swartland Munisipaliteit is onderhewig aan 'n 50% rabot vir die finansiële jaar 2013/2014 en kan daarna hersien word;

B7 ALGEMEEN

- (a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- (b) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ont-koppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

7.11/...

- (c) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie.
 - (d) dat Mnr Donaggi van die besluit in kennis gestel word;
- C** Dat die aansoek vir die afwyking van die 2m syboullyne na 0m as gevolg van die onderverdelingslyn op onderskeidelik die restant en gedeelte A, in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

7.12 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING: ERF 723 YZERFONTEIN (15/3/3-14/Erf_723; 15/3/4-14/Erf_723; 15/3/5-14/Erf_723) (WYK 5)

Aansoek word namens die ACVV vir die hersonering van erf 723, Yzerfontein gedoen vanaf residensiële sone I na institusionele sone III ten einde 'n welsynsdienssentrum op die betrokke eiendom te skep.

Verder word daar ook aansoek gedoen om af te wyk van die 10m boulyn, soos volg:

- straatboulyn na $\pm 5\text{m}$;
- kantboulyne na 0m (noordelike grens) en $\pm 1,8\text{m}$ (suidelike grens) onderskeidelik, en
- agterboulyn na 0m.

Erf 723, groot 720m^2 is in Parkweg, Yzerfontein geleë en is vir residensiële sone I soneer. Die erf is tans bebou met 'n woonhuis.

BESLUIT

Dat die aansoek om hersonering van erf 723 (groot 720m^2), geleë te Parkweg, Yzerfontein ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na institusionele sone III ten einde 'n welsynsdienssentrum te akkommodeer goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes;

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat die betrokke bouplanne nie deur hierdie munisipaliteit oorweeg sal word voordat daar nie bewys is dat die relevante beperkings in die titelakte suksesvol opgehef is nie;
- (c) dat geen deure of vensters op die erfgrense opgerig mag word nie;
- (d) dat ten minste 8 werkbare op-perseel parkeerplekke voorsien word soos voorgestel;
- (e) dat die parkeerplekke van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur, voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (f) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;
- (g) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan al die goedkeuringsvoorwaardes voldoen is;
- (h) dat die beswaarmakers ingevolge artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat 'n riooluitsuigtenk met 'n minimum stoorkapasiteit van 8000 liter voorsien word;

7.12/...

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief van toepassing op besighede gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

A5 ELEKTRISITEIT

- (a) dat die elektriese tarief verander word vanaf residensiëel na besigheid en dat die Departement: Finansiële Dienste in kennis gestel word;

B Dat die aansoek om afwyking vir goedkeuring by die Wes-Kaapse Provinsiale Regering aanbeveel word.

7.13 VOORGESTELDE ONDERVERDELING, VERGUNNING EN AFWYKING OP ERF 1369, RIEBEEK KASTEEL (15/3/4-11/Erf_1369; 15/3/6-11/Erf_1369; 15/3/10-11/Erf_1369) (WYK 12)

Aansoek word vir die onderverdeling van erf 1369 (groot 1417m²), Riebeek Kasteel gedoen ten einde twee gedeeltes te skep wat insluit die restant (groot ±733m²) en gedeelte A (groot ±684m²). Die geregistreerde eienaar is Marcell D van As.

Aansoek word ook gedoen vir 'n vergunningsgebruik ingevolge paragraaf 4.6 van die betrokke skemaregulasies van toepassing op Riebeek Kasteel ten einde 'n addisionele wooneenheid op die restant van erf 1369 te akkommodeer.

Verder, gegewe die feit dat die bestaande woonhuis slegs ±5m van die erfgrens geleë is en die minimum grootte van die pypsteel toegang 4m is, word daar aansoek vir 'n afwyking van die kantboulyn vanaf die voorgeskrewe 2m na 0m op die noordelike grens van die voorgestelde restant van erf 1369, Riebeek Kasteel gedoen.

BESLUIT

Dat hierdie aangeleentheid na die wykskomitee van wyk 12 verwys word vir bespreking en aanbeveling.

7.14 AANSOEK OM AFWYKING: ERF 1179, YZERFONTEIN (15/3/4-14/Erf_1179) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1179 (groot ±190m²), geleë te Lutie Katweg, Yzerfontein ten einde 'n onthaalfasiliteit vir troues te bedryf. Die geregistreerde eienaars is G A & A Steenkamp.

BESLUIT

Dat die aansoek om afwyking op 'n gedeelte van erf 1179 (groot ±190m²), geleë te Lutie Katweg, Yzerfontein ten einde 'n onthaalfasiliteit vir troues te bedryf, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, vir die volgende redes afgekeur word:

- (a) Erf 1179 beskik oor fisiese eienskappe wat beperkend is tot hierdie aansoek;
- (b) Die karakter van die enkelwoon residensiële area gaan negatief beïnvloed word;
- (c) Die voorgestelde afwyking is nie versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Yzerfontein nie;
- (d) Erf 1179 beskik oor titelaktebeperkings wat die gebruik van die perseel tot enkelwoon doeleindes beperk;
- (e) Die omvang van die aantal besware wat teen die aansoek ontvang is.

7.15 FINANSIËLE BYDRAE VIR DIE NIE-VOORSIENING VAN OP-PERSEEL PARKERING OP ERF 148, RIEBEEK KASTEEL (15/4/2-11) (WYK 12)

'n Bouplanaansoek op erf 148, geleë te Pleinstraat, Riebeek Kasteel is ontvang. 'n Pergola, nuwe winkelruimte en 'n wendyuis word voorgestel. Die geregistreerde eienaar is De La Plaine Trust (eienaarskap het intussen verander na The Little Mayne Trust).

7.15/...

Op vorige goedgekeurde bouplanne van erf 148 was daar vir 6 op-perseel parkeerplekke volgens die totale vloerruimte van die geboue met in agnemenig van die historiese tekort aan op-perseel parkeerplekke voorsiening gemaak. 'n Addisionele vloerruimte van $\pm 47\text{m}^2$ (wendyhuus uitgesluit) word voorgestel met hierdie bouplan aansoek. Dus moet 1 addisionele op-perseel parkeerplek voorsien word, 'n totaal van 7 op-perseel parkeerplekke. Slegs 4 werkbare op-perseel parkeerplekke word op hierdie bouplan aansoek voorsien.

Tydens 'n terplaatsse terreininspeksie uitgevoer op 29 November 2013 is waargeneem dat al die voorgestelde bouwerke reeds voltooi is en dat die perseel tot so 'n mate ontwikkel is dat slegs 2 werkbare op-perseel parking voorsien kan word.

Gevolgtik doen die eienaar, The Little Mayne Trust aansoek om 'n finansiële bydrae te maak vir die nie-voorsiening van 5 op-perseel parkeerplekke.

Die finansiële bydrae word soos volg bereken:

- Grondwaarde/m² x oppervlakte in m² van die grond wat verskaf moet word vir parking.
- Grondwaarde = R700,00/m², dus R700,00 x (13,75m² x 5) = R48 125,00.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om 'n finansiële bydrae te maak vir die nie-voorsiening van 5 op-perseel parkeerplekke op erf 148, Riebeeck Kasteel ten bedrae van R48 125,00 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- (i) dat die finansiële bydrae op bouplanstadium gemaak word;
 - (ii) dat die bouplanne dianooreenkomstig aangepas word om slegs die twee werkbare op-perseel parkeerplekke aan te dui.

7.16 WYSIGING VAN JAKKALSFONTEIN SE ONTWERPSHANDLEIDING (15/3/3-5/01)

Die Jakkalsfontein natuurreseervaat het 'n Spesiale Algemene Vergadering op 28 September 2013 gehad rakende die gewone en spesiale resolusies om sodoende die 2006 Ontwerpershandleiding te wysig.

Die doel van die wysigings is om klarings te kry op spesifikasies rakende die hoogte, dakke, deure en vensters, prieels en sonskerms, kleur, ander installasies en strukture, eksterne hekke, strukture en installasies asook landskapering en dekke.

BESLUIT

Dat die voorgestelde klousule wysigings en/of nuwe klousules vir insluiting in die Jakkalsfontein Nature Reserve Design Manual, ingevolge Artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word soos voorgehou, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) dat die ontwerpshandleiding soos voorgehou met hierdie aansoek alle vorige ontwerpshandleidings (bv. die wysiging in Desember 2009, Maart 2011 sowel as Desember 2011) in geheel vervang;
- (b) dat die opskrif van die huidige dokument, naamlik "October 2006", vervang word met die opskrif naamlik "November 2013" in gedeelte A sowel as gedeelte B om so daarna te kan verwys as die nuutste weergawe. So ook moet alle inligting in gedeeltes A en B verwys na die weergawe van "November 2013".

7.17 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 995, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11/Erf_995; 15/3/10-11/Erf_995) (WYK 12)

Aansoek word gedoen namens die geregistreerde eienaars, Christopher John Doo & Vuyiswa Doo, vir die hersonering van erf 995 (groot 1332m²), geleë te Royalstraat, Riebeeck Kasteel, vanaf residensiële sone I na sakesone I ten einde 'n veeartspraktyk en dieresalon te vestig.

7.17/...

Aansoek word ook gedoen vir 'n vergunningsgebruik op erf 955 ten einde 'n wooneenheid vir 'n toesighouer/opsigter te skep.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 995 (groot 1332m²), geleë te Royalstraat, Riebeek Kasteel, vanaf residensiële sone I na sakesone I ten einde 'n veearts praktyk en dieresalon te vestig, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 BOUBEHEER EN STADSBEPLANNING

- (a) dat bouplanne vir die omskepping van die woonhuis en buitegeboue aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat ten minste 13 op-perseel parkeerplekke van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n matriaal wat vooraf goedgekeur is deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (c) dat die vertrek waarin die diere oornag aangehou word sodanig ingerig word dat dit klankdig gemaak word;
- (d) dat die veeartspraktyk aan die standaard van die SAVC soos vervat in Staatskoerant No. 23027 van 18 Januarie 2002 sal voldoen;
- (e) dat die SAVC 'n sertifikaat soos genoem by punt A1(d) uitreik en 'n afskrif daarvan aan hierdie munisipaliteit voorsien word;
- (f) dat die dieresalon beperk word tot die hantering van troeteldiere;
- (g) dat die eienaar/ontwikkelaar Swartland Munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan alle voorwaardes voldoen word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande riolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele riolaansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid sowel as vir die wooneenheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;
- (c) dat spesiale reëlings vir die verwydering van mediese afval en dooie diere getref word;

A5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

B Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir 'n wooneenheid (±28m²) ingevolge paragraaf 4.6 van die artikel 8 soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

7.18 VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURING: AFWYKING OP 1506, YZERFONTEIN (15/3/4-14/Erf_1506) (WYK 5)

Die Raad het op 20 Julie 2011 'n afwyking op erf 1506, Yzerfontein vir die bedryf van 'n bakkerij/koffiewinkel (groot $\pm 45\text{m}^2$) goedgekeur.

Daar was appèl teen die Raadsbesluit aangeteken. Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning het die appèl per skrywe gedateer 25 Januarie 2013 van die hand gewys.

Die eienaar van die Whale Tale Studio Cafè is van voorneme om die bestaande bakkerij/koffiewinkel uit te brei deur addisionele buite-sitplekke te skep met tafels en stoele vir besoekers. Die bakkerij/koffiewinkel vergroot dus na $\pm 91\text{m}^2$.

Aansoek word deur die eienaar Rowmoor INV951 Pty Ltd gedoen vir die wysiging van die afwykingsgoedkeuring op erf 1506, Yzerfontein, ten einde die bestaande bakkerij/koffiewinkel vanaf $\pm 45\text{m}^2$ na $\pm 91\text{m}^2$ te vergroot.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die wysiging van die goedkeuring van afwyking op erf 1506, Yzerfontein ten einde die bestaande bakkerij/koffiewinkel vanaf $\pm 45\text{m}^2$ na $\pm 91\text{m}^2$ ingevolge Artikel 42(3)(a) van Ordonnansie 15 van 1985 te vergroot, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word waarop die gebruiksverandering van die betrokke gedeeltes aangedui word;
- (b) dat die parkering van voertuie van besoekers aan die bakkerij/koffiewinkel deur die eienaar bestuur word, ten einde te verseker dat die vergrote gebruik nie omliggende eiendomme nadelig beïnvloed nie;
- (c) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos ingevolge Artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 gewys word.

7.19 AFWYKING: ERF 407, MOORREESBURG (15/4/2-9) (WYK 2)

'n Bouplanaansoek vir 'n wendyhuys op erf 407, Moorreesburg is ontvang. Die geregistreerde eienaar is FJT Koegelenberg.

Die voorgestelde wendyhuys oorskry die 3m syboullyn (noordelike grens) tot $\pm 0,8$.

Gevolglik word aansoek om afwyking op erf 407, Moorreesburg gedoen ten einde af te wyk van die 3m syboullyn (noordelike grens) na $\pm 0,8\text{m}$.

Die wendyhuys is reeds opgemagtig opgerig in die posisie soos voorgestel.

BESLUIT

- A Dat die aansoek vir die afwyking op erf 407, Moorreesburg ten einde af te wyk van die 3m syboullyn (noordelike grens) na $\pm 0,8\text{m}$, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, afgekeur word vir die volgende redes:
 - (i) daar is voldoende spasie op erf 407 om die wendyhuys te plaas om aan die boullyn te voldoen;
 - (ii) die aangrensende eienaars van erf 1844 weier toestemming vir die afwyking van die syboullyn;
- B Dat die eienaars van erf 407 binne 'n tydperk van 21 dae na die datum van hierdie besluit die wendyhuys sloop of verskuif ten einde aan die boullyn te voldoen, of alternatiewelik om hul reg tot appèl binne 21 dae aan die Departement uit te oefen met 'n kopie daarvan aan hierdie munisipaliteit.

7.20 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP ERWE 421 EN 422, MOORREESBURG (15/3/3-9/Erf_421, 422; 15/3/4-9/Erf_421,422) (WYK 1)

Erf 421 (groot 2052m²) en erf 422 (groot 1645m²), Moorreesburg word aangebied vir konsolidasie.

Aansoek word gedoen namens die eienaars Kaap Agri Bedryf Ltd vir die hersonering van 'n gedeelte van konsolideerde erwe 421 en 442 (konsolideerde grootte ±3697m²), geleë h/v Lang- en Kerkstraat, Moorreesburg vanaf motorhawesone na beperkte sakesone (±2550m²) en sakesone (±887m²) onderskeidelik.

Aansoek word ook gedoen ten einde soos volg van die boulyne af te wyk:

- Beperkte sakesone – 3m straatboulyn (Kerkstraat) na ±1,6m en 3m syboulyn (suidelike grens) na ±1,3m;
- Sakesone – 3m syboulyne na ±1,3m (westelike grens) en ±1,3m (suidelike grens).

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van konsolideerde erwe 421 en 442 (konsolideerde grootte ±3697m²), geleë h/v Lang- en Kerkstraat, Moorreesburg vanaf motorhawesone na beperkte sakesone (±2550m²) en sakesone (±887m²) onderskeidelik, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat erwe 421 en 422 konsolideer word en in die Aktekantoor registreer word;
- (b) dat die konsolideerde erwe beskik oor die volgende sonerings, naamlik: motorhawesone (±260m²), beperkte sakesone (±2550m²) en sakesone (±887m²);
- (c) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (d) dat op-perseel parking voorsien word volgens die onderskeie soneringsparameters;
- (e) dat op-perseel parking voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (f) dat die nodige aansoek vir vertoon van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n geboude vullisarea geskep word wat wasbaar is, met skoon water toevoer en vuilwater afvoer na die riool. Die vullisarea moet ontoeganklik wees vir ongewenste elemente, mens en dier, maar toeganklik vir vullisverwyderings personeel;
- (b) dat 'n basiese vullistarief gehef word vir elke besigheid, die tarief sal aangepas word volgens hoeveelhede verwyder;

7.20/...

A5 ALGEMEEN

(a) Dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan al die voorwaardes voldoen is;

B Dat die aansoek vir die afwykings van boulyne ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, soos volg goedgekeur word:

- (a) Beperkte sakesone – 3m straatboulyn (Kerkstraat) na $\pm 1,6m$ en 3m syboulyn (suidelike grens) na $\pm 1,3m$, en
 (b) Sakesone - 3m syboulyne na $\pm 1,3m$ (westelike grens) en $\pm 1,3m$ (suidelike grens).

7.21 VOORGESTELDE HERSONERING OP GEDEELTE VAN PLAAS LAMMERSHOEK NO. 842, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15/Farm_842/08) (WYK 12)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 8 van die plaas Lammershoek no. 842 ($\pm 330m^2$), Afdeling Malmesbury, geleë $\pm 9,5km$ suidoos van Malmesbury vanaf landbousone I na institusionele sone I ten einde 'n crèche vanuit 'n bestaande stoor te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Austroboer Property Investments Bpk - Paul Kretzel.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 8 van die plaas Lammershoek no. 842 ($\pm 330m^2$), Afdeling Malmesbury, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na institusionele sone I ten einde 'n crèche vanuit 'n bestaande stoor te bedryf, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
 (b) dat die crèche tot 'n bouplatvorm ($\pm 330m^2$) soos voorgehou in hierdie aansoek beperk word;
 (c) dat voldoende parkeerarea vir die creche wat prakties uitvoerbaar is geskep word;
 (d) dat die crèche aan die vereistes van Departement van Maatskaplike Dienste sal voldoen en by die Departemente registreer word;
 (e) dat alle akkommodasie (binne en buite) aan die toepaslike gesondheidsregulasies sal voldoen;
 (f) dat die buite speelruimte behoorlik met 'n toepaslike heining/muur omsluit sal word;
 (g) dat die nodige aansoek vir die vertoning van die advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;

A2 WATER

- (a) dat geen munisipale drinkwater beskikbaar is nie;

A3 RIOOL

- (a) dat riooldienste slegs deur middel van 'n suigtenkvragsmotor voorsien kan word;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word vir die gebruik van enige munisipale stortingsterreine;

A5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
 (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

7.21(A5)/....

- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A6 WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT

- (a) dat aansoek by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskikheidsertifikaat gedoen word;
- (b) dat indien voedsel vir die kinders voorberei gaan word moet daar vir 'n tweede geskikheidsertifikaat, wat aandui dat die kombuis voldoen aan Regulasie 918 van die Wet op Gesondheid (Wet 61 van 2003), aansoek gedoen word;
- (c) dat verdere gesondheidsvereistes van tyd tot tyd gestel mag word.

7.22 VOORGESTELDE AFWYKING OP GEDEELTE 3 VAN PLAAS DROOGE VALLEY NO. 910, AFDELING MALMESBURY (15/3/4-15/Farm_910/3) (WYK 7)

'n Aansoek vir 'n tydelike afwyking op gedeelte 3 van die plaas Drooge Valley no. 910, Afdeling Malmesbury is ontvang ten einde twee biomassa verbrandingsaanlegte ($\pm 3600\text{m}^2$ groot elk), te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Astral Operations Ltd.

Gedeelte 3 van die Plaas Drooge Valley no. 910 is soneer as landbou sone I en word daar tans 'n intensiewe voerboerdery as 'n vergunningsgebruik op die perseel bedryf. Soos hierbo genoem sluit die aansoek die skepping van twee biogas verbrandingseenhede in. Laasgenoemde gebruik word nie in die relevante skemaregulasie vervat nie en gevolglik word 'n aansoek om tydelike afwyking oorweeg.

Die aansoeker beoog om 'n nuut gepatenteerde sisteem waar hoendermis op die terrein gebruik word as 'n biomassa brandstof vir die vervaardiging van hitte te gebruik. Hierdie stelsel sal gevolglik die bestaande stelsel waar daar normaalweg gas, houtskool of hout gebruik word, vervang.

BESLUIT

- A Dat die aansoek om tydelike afwyking op gedeelte 3 van plaas Drooge Valley, Afdeling Malmesbury, ten einde twee biomassa verbrandingsaanlegte ($\pm 3600\text{m}^2$ elk) te kan bedryf ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat hierdie goedkeuring geldig sal wees vir 'n tydperk van 5 jaar;
- (b) dat 'n aansoek om verlenging van die bogenoemde tydperk ingedien moet word voor die vervaldatum, indien die aansoeker die goedkeuringstydperk wil verleng;
- (c) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

A2 VULLISVERWYDERING

- (a) dat skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word indien enige stortingsterrein in die Swartland Munisipale area gebruik word;

A3 TELKOM

- (a) dat Telkom SA Ltd se infrastruktuur deur die aansoek geraak word en dat daar gevolglik aan die voorwaardes soos uiteengesit in brief WWIP_WMY+620_13 gedateer 14 Mei 2013, voldoen moet word;
- (b) dat die werk soos voorgestel op die terreinplan in beginsel goedgekeur word vir 'n periode van 12 maande waarna daar heraansoek gedoen moet word indien die werk nie voltooi is nie;

A4 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

7.22(A4)/...

- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A5 WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT

- (a) dat na verbranding moet alle as op 'n goedgekeurde wyse verwyder word;
- (b) dat enige nadelige gasse wat gedurende verbranding afgeskei word, op 'n behoorlike wyse bestuur moet word;
- (c) dat verdere gesondheidsvereistes van tyd tot tyd gestel mag word;
- (d) dat, indien van toepassing, moet daar aansoek by die Weskus Distriksmunisipaliteit gedoen word vir 'n lugkwaliteitslisensie voordat die biomassa-aanleg in bedryf gestel word;
- (e) dat alle ander toepaslike wetlike vereistes nagekom moet word;

A6 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

- (a) dat geen besoedeling van oppervlak- of grondwaterbronne deur enige aktiwiteite op die eiendom plaasvind nie;
- (b) dat maatreëls om die onwettige storting van konstruksiemateriaal te verhoed in plek gestel moet word siende dat dit mag lei tot die besoedeling van oppervlak afloopwater;
- (c) dat stormwaterafloop beheer moet word om te verseker dat die aktiwiteite op die terrein nie tot besoedeling êrens anders sal lei nie;
- (d) dat soliede afval behoorlik bestuur moet word en by 'n goedgekeurde soliede afvalterrein wat aan alle relevante wetgewing voldoen, gestort word;
- (e) dat alle relevante artikels en regulasies van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) met betrekking tot die gebruik van water aan voldoen moet word;
- (f) dat die as nie nader as 100m van die stroom of buite die 1 : 100 jaar vloedlyn, wat ookal die grootste is, gestort word nie;

A7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat in terme van artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 is 'n boulyn van 5m op ondergeskikte pad 5351 [OP5351] sowel as ondergeskikte pad 5354 [OP5354] van toepassing. Die 5m word gemeet van die statutêre grens van hierdie paaie;
- (b) dat 'n toegangspunt vir die ontwikkeling ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 goedgekeur word op km merk ± 3.19 op ondergeskikte pad 5351 soos uiteengesit in die departement van Vervoer en Openbare werke se kommentaar gedateer 24 Junie 2013 met verwysingsnommer 13/3/5/1-26/242 (Job 20504);
- (c) dat die bestaande toegang na ondergeskikte pad 5351 ongeveer by km merk 3.28 permanent gesluit moet word en ooswaarts met 83m tot by ongeveer km merk 3.19 soos goedgekeur verskuif word;

A8 ALGEMEEN

- (a) dat daar uitvoering gegee word aan alle voorwaardes soos opgelê in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning se goedkeuring met betrekking tot die afvalbestuurslisensie gedateer 13 Maart 2013 met verwysings nommer [E13/2/10/1-F5/14-WL0020/12];
- (b) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl ingevolge artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 per geregistreerde pos gewys word.

7.23 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1094, MALMESBURY (15/3/3-8/02; 12/2/R) (WYK 8)

Die Raad het op 9 Desember 2009 goedkeuring verleen dat erf 1094, Malmesbury uit-die-hand aan die Jo-Dolphin Special Care Centre verhuur word ten einde die oprigting van 'n dagsorgsentrum.

Erf 1094, Malmesbury is soneer publieke oopruimte ingevolge die soneringskema-regulasies van toepassing op Malmesbury.

7.23/...

Ten einde die dagsorgsentrum op erf 1094 te akkommodeer moet die grondgebruiksregte op die perseel gevestig word.

Die Raad het op 9 Junie 2010 die hersonering van erf 1094, Malmesbury goedgekeur onderhewig aan voorwaardes. Bouplanne vir die voorgestelde ontwikkeling is op 14 September 2011 goedgekeur en is daaropvolgend elke jaar hernu, maar bouwerke het nog nie 'n aanvang geneem nie.

Siende dat die grondgebruiksregte soos toegestaan in 2010 nog nie op erf 1094 gevestig het nie, het die regte op 9 Junie 2012 verval. Gegewe die feit dat geen omstandighede sedertdien verander het nie, word die aansoek weer aan die Raad vir goedkeuring voorgelê.

Gevolglik word aansoek deur Swartland Munisipaliteit gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 1094 (groot 2668m²), geleë te Koch-, St John- en Albanystraat, Malmesbury vanaf publieke oopruimte na onderwysdoeleindes ten einde 'n dagsorgsentrum vir gestremde persone te akkommodeer.

BESLUIT

Dat die hersonering van erf 1094 (groot 2668m²), geleë te Koch-, St John- en Albanystraat, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf publieke oopruimte na onderwysdoeleindes ten einde 'n dagsorgsentrum vir gestremde persone te akkommodeer, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) Dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) Dat op-perseel parkering voorsien word ooreenkomstig die behoefte van die betrokke fasiliteit;
- (c) Dat ontwikkeling op perseel 'n aanvang moet neem binne een jaar na datum van ondertekening van die huurooreenkoms, en die dagsorgsentrum (fase1) binne 2 jaar na datum van die ondertekening van die huurooreenkoms opgerig en in bedryf gestel moet wees, by gebreke waartoe die eiendom die Raad weer sal toeval;
- (d) Dat die dagsorgsentrum sal voldoen aan die vereistes van Departement van Maatskaplike Dienste en by die departement registreer word;
- (e) Dat alle akkommodasie voldoen aan die toepaslike gesondheidsregulasies.
- (f) Dat aansoek gedoen word by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskikheidsertifikaat;
- (g) Dat op perseel op- en aflaai geriewe geskep word;
- (h) Dat alle voertuie van die personeel, indien enige, op-perseel parkeer word;
- (i) Dat die nodige aansoek vir die vertoning van die advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word.

7.24 WYSIGING VAN MINIMUM ERFGRROOTTES VIR ENKELWONINGSONE ERWE IN SWARTLAND MUNISIPALE AREA (15/3/1) (ALLE WYKE)

In 2008 was die Direkteur: Ontwikkelingsdienste versoek om die minimum erfgrroottes vir enkelwoonsone erwe van toepassing op die onderskeie gebiede in die munisipale area aan die Raad te voorsien.

Volgens die 2008-verslag wat voor die Raad gedien het is dit duidelik dat daar al in 1991 riglyne neergelê was vir Malmesbury met spesifieke verwysing na die minimum toelaatbare erfgrroottes vir die onderverdeling van enkelwoonerwe in die onderskeie woonbuurte.

Met die hersiening van die ruimtelike beplanning vir die Swartland was daar sekere aanbevelings gemaak met betrekking tot minimum erfgrroottes in die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van 2012. Gegewe die feit dat daar in sekere gevalle teenstrydigheid ontstaan het tussen dit wat in 2008 oorweeg was en dit wat in die Swartland ROR (2012) aanbeveel word, word hierdie verslag nou aan die Raad voorgelê vir oorweging.

7.24/...

Die doel met die vasstelling van minimum erfgrouttes is om 'n duidelike riglyn daar te stel vir die privaat sowel as publieke sektor tydens die oorweging van onderverdelingsaansoeke, sowel as die wenslikheid daarvan binne die konteks van die omliggende omgewing.

BESLUIT

- (a) Dat kennis van die voorgestelde erfgrouttes soos van toepassing op die verskillende dorpsgebiede van die Swartland Munisipale area;
- (b) Dat, waar die minimum erfgrouttes soos aanbeveel verskil van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) van Swartland Munisipaliteit, die ROR dienoreenkomstig op hersiening stadium gewysig word om hierdie minimum erfgrouttes te bevat.

7.25 UITSTAANDE DEBITEURE – NOVEMBER 2013

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van November 2013.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**